ONDERHOUDVOERDER: Grade 9. Het jy gewerk op daai, in daardie jaar, 1999, of was jy unemployed?

INFORMANT 2: Ek weet tussen '96 tot 2000 het ek baie gewerk ook (onduidelik) ons op die gebou saam met ouens wat painting gedoen het wat ek kan remember, want dit was in '96 en 2000 het ek baie gewerk op die gebou.

ONDERHOUDVOERDER: Oukey. Wat sal ek dit nou noem?

INFORMANT 2: Op die gebou?

ONDERHOUDVOERDER: H'm.

INFORMANT 2: Dit is painting.

ONDERHOUDVOERDER: Oukey.

INFORMANT 2: Later van tyd het ek gewerk op die, 2005 en 2006 toe werk ek by (onduidelik).

ONDERHOUDVOERDER: Dan hoeveel keer op 'n dag het jy die drugs gebruik, vir '99? Ek weet dit is nou lank terug. So dit is die Mandrax, hoeveel op 'n dag?

INFORMANT 2: Miskien twee keer. Twee keer. Miskien in die oggend, vroeg in die oggende as my ma nie kan sien, dan bly ek heeldag weg en dan laat in die aande as ek inkom dan slaap hulle al.

ONDERHOUDVOERDER: En die rocks, hoeveel keer 'n dag?

INFORMANT 2: Rocks het ek gedoen baie saam met ouens wat ek nog bevriend mee gewees het wat gangsterism gewees het, wat gangsters gewees het. Hulle is die ouens wat die goed verkoop het. Nou hulle het altyd, as ek gesê het ouens miskien ek het hierso paar rand, dan sal hulle vir my sê, raait nou gee die, dan rook saam. Ek rook saam met hulle, miskien so, sometimes drie, vier keer.

ONDERHOUDVOERDER: Op 'n dag?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: Elke dag?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: En die dagga?

INFORMANT 2: Dagga?

ONDERHOUDVOERDER: H'm.

INFORMANT 2: Dagga was elke dag. Dagga was amper soos 'n hulle sê jou brood en water. Wat ek opstaan dan wil jy dagga rook. Waar jy kom kry hulle rook dagga, jy het later van tyd het jy nie eers geweet (onduidelik), want dagga was amper soos, dit was orals. Dit groei mos sommer by mense se plekke ook. Daar wat jy gekom het en hulle rook dagga, dan rook jy saam. Dagga, ek het begin geld uithaal, ons het begin parcels uitgerook op 'n dag en daai was sommer heel dag gerook. So ek kan nie vir jou sê hoeveel keer 'n dag nie. Ons het, as ek nou hierso opstaan dan het ek gaan rook. Dit is seker, ek gaan nie vir jou lieg nie, elke driekwartier, elke uur. Ons het baie gerook.

ONDERHOUDVOERDER: So ek gaan maar net sit elke uur, nè? Is dit orraait?

INFORMANT 2: Ja, jy kan maar opsit.

ONDERHOUDVOERDER: En het jy saam met vriende dit gedoen of het jy dit op jou eie gedoen?

INFORMANT 2: H'n-'n, die drugs?

ONDERHOUDVOERDER: Die drugs.

INFORMANT 2: Wat ek drugs gedoen het, ek het altyd drugs, ek het nooit drugs alleen gedoen nie.

ONDERHOUDVOERDER: So saam met vriende, nè?

INFORMANT 2: Ek het nooit drugs alleen gedoen nie.

ONDERHOUDVOERDER: En hoe het dit jou laat voel, die drugs? Hoe het die Mandrax jou laat voel? Kom ons begin eers weer by die Mandrax, hoe het dit jou laat voel as jy dit gebruik het?

INFORMANT 2: Ek kan, (onduidelik) daai ou gesê het jy voel soos brave star. Jy voel net, besides the high, besides high, jy voel net enigiets wat in jou pad staan, jy sal daai ding uit jou pad uit - hoe kan ek dit nou vir jou stel, jy voel net enigiets kan kom nou, jy is nou net niks bang vir niemand nie. Jy voel amper soos, dit voel amper soos 'n seal oor jou, om so te sê.

ONDERHOUDVOERDER: En die rocks?

INFORMANT 2: Die rocks het vir jou baie hyper gemaak. Dit het gemaak as jy, as jy nou, as ek nou dink, daai is die drugs vir jou gemaak het dat jy nou sommer gaan steel.

ONDERHOUDVOERDER: Oukei. En die dagga, hoe het dit vir jou laat voel?

INFORMANT 2: Die dagga maak vir jou, dagga maak jou high.

ONDERHOUDVOERDER: Kan jy vir my beskryf hoe jy voel as jy high is?

INFORMANT 2: Ek, dis bietjie complicated om te explain. As jy dit gebruik dan sal jy - soos ek gebruik dit nou nie meer nou nie. Om dit vir jou so te stel, ek weet dit maak jou honger. Hoe kan ek dit nou vir jou stel? Maak vir jou, dit laat vir jou net lekker voel.

ONDERHOUDVOERDER: En jy was nog nooit in 'n rehab centre nie, nê?

INFORMANT 2: Never, ever before.

ONDERHOUDVOERDER: In die tronk in daardie jaar?

INFORMANT 2: H'n-'n.

ONDERHOUDVOERDER: In 1999.

INFORMANT 2: H'n-'n, ek gaan vir jou sê, ek het nog nooit, ek het vir my lewe wat ek gehad het, het ek nege, elf sake. Ek het nog nooit die tronk gesien nie. Ek was (onduidelik), die holding cells van Wynberg en die holding cells van Athlone en kan ek recall eenkeer in Ravensmead se holding cells.

ONDERHOUDVOERDER: In watter jare was dit wat jy in die holding cells was? Dit was nie '99 nie, nê?

INFORMANT 2: Elke jaar.

ONDERHOUDVOERDER: Elke jaar.

INFORMANT 2: Daai was nou gewees nou van sê 2000 af.

ONDERHOUDVOERDER: En in 1999 was jy in 'n gang?

INFORMANT 2: H'n-'n, ek het 1998 het ek my gangsterism gelos.

ONDERHOUDVOERDER: Oukei, so jy het '98 gelos, nê?

INFORMANT 2: Ja, maar dit het vir my gevat nog, dit is ... Hoeka in die plek, ek het mense, laat ek vir jou so sê, ek was saam met die Staggie gang gewees.

ONDERHOUDVOERDER: Was dit die Hard Livings, nê?

INFORMANT 2: Ja. Ek was part van hulle gang gewees en ek het mense seergemaak in die verlede wat ek vandag regret en spyt is. Nou hierso in ons community werk dit so, hulle sal jou, hulle sal jou lag met jou en hulle

call dit, lag met jou en dan kou hulle vir jou op die agtertande, om so te sê. Wat ek try om vir jou te sê is, jy sal nou lag (onduidelik). So is dit.

ONDERHOUDVOERDER: En vir hoe lank was jy in die gang, (Name of informant)?

INFORMANT 2: Since 1994.

ONDERHOUDVOERDER: 1994?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: En jy was in dieselfde gang vir daardie tyd, nê?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: Dit was die Hard Livings, nê? Toe jy in die Hard Livings was, het jy drugs gebruik?

INFORMANT 2: Daar was gewees drugs, maar ons was die ouens wat die drugs verkoop het aan mense. So wat verkoop het was nie toelaatbaar gewees om dit te gebruik het nie. Hoekom, die hongeres het dit gebruik en as ons short is aan ons geld, dan (onduidelik) ons bene word gebreek. So was dit gewees. Daar was nie nog tyd gewees om drugs te doen nie. Ons het dagga gerook, ja.

ONDERHOUDVOERDER: Oukei.

INFORMANT 2: Daai was die ding gewees, dagga, en baie gedrink. Ek het baie enemies gehad. Jy kan ook nie vir jou te dronk of te van die drugs, te veel drugs doen nie of so nie, want die enemy en so.

ONDERHOUDVOERDER: Oukei. In 2000, watter soort drugs het jy gebruik?

INFORMANT 2: Daai is die tyd wat ons expose gewees het na E's.

ONDERHOUDVOERDER: So dit was Ecstasy, nê?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: En wat nog? En dan die Mandrax, die rocks en die dagga, daai drie saam?

INFORMANT 2: Daai tyd, daai tyd dan doen ons saam, ja.

ONDERHOUDVOERDER: Oukei, so ek gaan dit weer neerskryf. Enigiets anders nog by daardie jaar, (Name of informant)?

INFORMANT 2: H'n-'n, ek kan nie recall nie.

ONDERHOUDVOERDER: Op daardie tyd het jy nog steeds saam met jou ma gebly?

INFORMANT 2: 2000 ...., ja. Maar hoe? Dan is ek in, dan is ek uit. Ek het gebly by die huise wat drug huise. Ek het later van tyd, ek het nie ander

opsie gehad om net vir my, amper soos weer part time werk daar by (onduidelik) wat slaap, soos (onduidelik), sulke plekke. Boston, Sea Point, sulke plekke.

ONDERHOUDVOERDER: Hoekom was dit wat jy nie kan by die huis gebly het nie?

INFORMANT 2: Due to die drugs wat ons gedoen het, begin steel, toe gaan ek uit die huis uit.

ONDERHOUDVOERDER: So het jou ma vir jou uitgesit uit die huis uit?

INFORMANT 2: Ja, en ek het ge-decide ook net ek gaan wegbly, want hoekom, dit is verkeerd wat ek doen. Hoekom, sy het aan die anderkant het, regret sy dit om my uit te gesit het op die pad, want sy weet hoe gaan dit op die pad, maar ek het myself gesê ek wil eerste met die habit afkom en so, maar dit was nie maklik gewees nie (onduidelik).

ONDERHOUDVOERDER: In 2000 het jy nog steeds gewerk by die construction company en so?

INFORMANT 2: Wel, miskien ja. Ek kan net nie recall, maar ...

ONDERHOUDVOERDER: Dis orraait, dis orraait.

INFORMANT 2: Maar ek weet vir daardie (onduidelik) tyd het ek baie gewerk op die gebou.

ONDERHOUDVOERDER: En in 2000 ook nog steeds?

INFORMANT 2: Ja, miskien nog. Ek kan nog recall so hier en daar.

ONDERHOUDVOERDER: Was dit soos in 'n permanent job of was dit net as hulle werk het dat hulle vir jou geroep het of wat?

INFORMANT 2: Hulle sê dit is oukei, hulle gaan nou 'n people centre bou, hulle bou nou 'n people centre, nou kry ons (onduidelik) om te paint Nou once ons almal daai plekke klaar ge-paint het, nou is ons weer by die huis. Nou gaan die gebou oop en nou is daar is nie meer werk nie. Nou wag ons nou net weer dat daar nou weer opportunity is en so.

ONDERHOUDVOERDER: Is dit mense in die gemeenskap wat dit gereël het dat julle kom verf of hoe het dit gewerk?

INFORMANT 2: In ons community, een van die ouens het gewerk op die gebou en daar was ouens wat voormanne gewees het (onduidelik) hulle het altyd vir ons saamgevat so as boys en so.

ONDERHOUDVOERDER: Hoeveel keer 'n dag het jy die Ecstasy gebruik?

INFORMANT 2: Daai ...?

ONDERHOUDVOERDER: Daai jaar.



INFORMANT 2: Soos ek jou sê dinge het vir my als worse te raak. Soos ek vir jou reeds sê ook, as ek die kans gehad het en ons kry die drugs, dan doen ek dit. As een 'n drugs het, hy sal kom na my toe en sê hy het drugs. Dan doen ons dit of hy sal na my toe kom en sê hy is so en soveel, dan sal ek en hy 'n (onduidelik) maak binne-in 'n half aand, ag sê in 'n halfuur se tyd, dan kry ons nou daai ander geld, dan rook ons dit en as ons klaar is dan gaan ons net weer (onduidelik).

ONDERHOUDVOERDER: So op average op 'n dag?

INFORMANT 2: Almal die drugs?

ONDERHOUDVOERDER: Die Ecstasy net.

INFORMANT 2: Sê drie keer. Drie keer 'n dag.

ONDERHOUDVOERDER: En dan die ander was nog steeds dieselfde, nê?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: Die Mandrax ...

INFORMANT 2: Maar ek nie nog belang in die Ecstasy gehad, E's gebruik nie, want ...(tussenbei).

ONDERHOUDVOERDER: Hoe lank het jy die E's gebruik? Wanneer het jy opgehou daarmee?

INFORMANT 2: Daai was ook maar net 'n ... Hoekom, toe ek sien ek begin (onduidelik) en vomit sommer en se mond kom skuim uit (onduidelik) gesig trek hy so. Nou daai drug het sommer vir jou, die drug het nie op elke persoon 'n effek nie, maar toe sê ek vir myself hoekom vriende, jou vriende (onduidelik) en so van die drug en dit was ook maar seker net vir 'n jaar. Driekwart jaar, 'n jaar.

ONDERHOUDVOERDER: Het jy dit saam met vriende, nê, want jy het gesê jy het nog nooit drugs op jou eie gebruik nie?

INFORMANT 2: Saam met vriende.

ONDERHOUDVOERDER: Hoe het die Ecstasy vir jou laat voel?

INFORMANT 2: Die E feel, die effek wat dit vir jou gee? Jy is net vol steel. 'n Jolly mood om dit so te stel.

ONDERHOUDVOERDER: So jy voel happy en so?

INFORMANT 2: Ja. Ek kan ook nie sê nie, want hoekom, dit het nie 'n effek op elkeen nie, want sommige van my vriende was baie aggressie gewees as hulle daai drug gedoen het. Hoekom, hy trek sy gesig nou so. Hy is die, hy is die, hoe kan ek nou sê, hy is die happyste person as hy nie die drug doen nie, maar once jy daai drug doen, dan het hy nou daai ander,

change sy hele look nou. Nou lyk hy weer soos ene wat vir jou iets verkeerd nou gaan sê, dan lyk dit vir my weer of iets doen of so.

ONDERHOUDVOERDER: Maar vir jou het dit laat happy voel en so?

INFORMANT 2: Ja, vir my het dit laat nou op 'n ander mood gesit. Sê meer - hier by ons call hulle Rivas.

ONDERHOUDVOERDER: Wat is dit?

INFORMANT 2: Dit is, jy is nou hier, dan is jy daar. Jy is net happy like a chappy, om so te sê.

ONDERHOUDVOERDER: Rivas, nè?

INFORMANT 2: H'm.

ONDERHOUDVOERDER: En dit beteken happy like a chappy, h'm?

INFORMANT 2: Ja, hy is nou, jy is nou net mister McMan, om so te sê.

ONDERHOUDVOERDER: Oukei. Die ander drugs het nog steeds vir jou dieselfde laat voel, soos ons vroeër gepraat het, nè?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: Jy was nie in rehab nie, nè?

INFORMANT 2: H'n-'n, ek was nog nooit nie.

ONDERHOUDVOERDER: En in 2000 was jy in die holding cells?

INFORMANT 2: Ek gaan nie vir jou lieg nie, van, elke jaar. Ek is nou op 'n drie jaar buitestraf nou van 2007 af.

ONDERHOUDVOERDER: Hoekom was jy in die holding cells?

INFORMANT 2: Sometimes vir roof, sometimes vir aanranding. Ek was gewees vir diefstal en ek was gewees vir besit van ammunisie. Daai is nou (onduidelik) guns wat hulle my mee gevang het. Dit was roof, diefstal ... In die meeste gevalle was dit gewees vir roof, diefstal ...

ONDERHOUDVOERDER: Ammunisie.

INFORMANT 2: Ammunisie, aanranding, assault. Assault is mos aanranding?

ONDERHOUDVOERDER: H'm, h'm.

INFORMANT 2: Daai is poging tot moord.

ONDERHOUDVOERDER: En in 2000, kan jy onthou hoekom jy in die holding cells was en hoeveel keer in 2000 was jy in die holding cells? Was dit net eenkeer?

INFORMANT 2: Dit moet seker maar vir diefstal gewees het.

ONDERHOUDVOERDER: Oukei.

INFORMANT 2: Want ek het baie gesteel.

ONDERHOUDVOERDER: Dit was net die eenkeer wat jy in die holding cells was, nè?

INFORMANT 2: Vir daai jaar?

ONDERHOUDVOERDER: H'm.

INFORMANT 2: Ek gaan, ek sal nie vir jou kan sê ja of nee nie. Somtyds het ek, tel hulle my sommer nou op vannag vir - hoe call hulle dit, (onduidelik).

ONDERHOUDVOERDER: Oukei. Dit was theft omdat jy geld nodig gehad het om die drugs te koop?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: Jy was nie in 'n gang daardie jaar nie?

INFORMANT 2: H'n-'n.

ONDERHOUDVOERDER: In 2001, wat het, was dit nog steeds die Ecstasy, die Madrax, die rocks?

INFORMANT 2: Ek sal nie glo die Ecstasy nie, want Ecstasy, soos ek jou sê, ek het dit nie vir baie lank gedoen nie.

ONDERHOUDVOERDER: So jy het opgehou met die Ecstasy, nè? So dit was net die Mandrax ...

INFORMANT 2: Ja, daai Mandrax is basically elke jaar gewees.

ONDERHOUDVOERDER: So Mandrax ...

INFORMANT 2: En die dagga.

ONDERHOUDVOERDER: Dagga.

INFORMANT 2: Die rocks het ek opgehou tyd wat die Tik uitkom het ek die rocks gelos. Ek het dit gelos.

ONDERHOUDVOERDER: In 2001, het jy nog rocks gedoen?

INFORMANT 2: Ja, 2001 het ek nog rocks gedoen.

ONDERHOUDVOERDER: En wat nog?

INFORMANT 2: Dagga.

ONDERHOUDVOERDER: In 2001 die Mandrax, dagga, rocks. Is dit al in 2001?

INFORMANT 2: Ek kan nie replace, in daardie jaar het ek gedrink ook.

ONDERHOUDVOERDER: Oukei. Op daardie tydstop het jy nog saam met jou ma gebly of was jy nog steeds in en uit die huis uit?

INFORMANT 2: Soos ek jou sê elke jaar was dit maar vir my, dit was baie swaar gewees vir my. Dit is dan in, dan was ek uit, dan was ek in. Ek sê nou vir my ma-hulle (onduidelik) doen ek weer die verkeerde ding. Ek het baie moeilikheid na haar huis toe ook gebring, due

to the effect dat ek mense se plekke ingebreek, gesteel, dan kom soek die boere vir my daarso en dan is ek nie daar nie en so aan. Sy wil toe nie vir my later van tyd weer daar hê nie.

ONDERHOUDVOERDER: In 2001, waar het jy gebly?

INFORMANT 2: Nou en dan daar by die huis. Nou en dan op die straat.

ONDERHOUDVOERDER: So jy het nie by vriende gebly nie of so nie?

INFORMANT 2: Ja, so 'n part time by vriende, my een vriend hierso in die pad het ek gebly, maar jy kan ook sien somtyds mense se houding as hulle jou nie daar wil hê of so nie. Dan gaan ek nie vir jou sê nie. Ek het net decide ek kan sien want die ou (onduidelik). Dan het ek net so elke keer net so 'n bietjie weggebly, weggebly (onduidelik).

ONDERHOUDVOERDER: Dan het jy op die straat gaan bly ook?

INFORMANT 2: Ja, met ander woorde niggies gevang.

ONDERHOUDVOERDER: Wat is dit?

INFORMANT 2: Niggies is like skarrel heel nag. Nou next oggend dan het jy 'n klomp geld, nou kan jy gaan by sommer hier vandag by sy huis. Hy laat vir jou nooit om by sy huis te kom nie, maar due to the effect dat jy nou geld en drugs het, dan kan jy sommer daar, nou gaan ek daarso, dan gaan ek hom sê hy moet vir my iets maak om te eet en ek wil sy shower gebruik en wil gou was en so en dan wil jy so 'n slapie vat. Daai is als wat ek gedoen het.

ONDERHOUDVOERDER: Het jy gewerk in 2001?

INFORMANT 2: Ek sal ook nie recall, miskien part time op die gebou.

ONDERHOUDVOERDER: Het jy nog steeds twee keer 'n dag die Mandrax gebruik, drie tot vier keer 'n dag die rocks? dit het nie ge-change nie?

INFORMANT 2: Ja. Soos ek gesê het die case het ge-worse. Dit begin - hoekom, vir my was dit amper soos nou begin leer die mense dit doen.

ONDERHOUDVOERDER: Jy het saam met vriende, nè, dit gebruik?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: En die gevoel was nog steeds dieselfde, nè? Jy was nie in rehab nie. Was jy in 2001 in die holding cells?

INFORMANT 2: Sal dit net wees vir aanranding of vir, dit sal tussen aanranding of diefstal ... Is daar miskien poging tot - ek weet nie, as ek nou net my file hier kan kry of so.

ONDERHOUDVOERDER: Nee, dit is orraait.

INFORMANT 2: Dan sal ek vir jou kan gesê het nou die laaste (onduidelik).

ONDERHOUDVOERDER: En jy was nie in 'n gang nie, nè, daardie jaar?

INFORMANT 2: H'n-'n.

ONDERHOUDVOERDER: In 2002, watter soort drugs? Was dit nog steeds net die Mandrax, die rocks en die dagga of het daar iets bygekom?

INFORMANT 2: H'n-'n, ek dink dit was nog altyd dieselfde drugs gewees wat ek gebruik het.

ONDERHOUDVOERDER: Op daardie tydstip in 2002 was jy nog steeds nou en dan by die huis en dan nou en dan saam met vriende op die straat of waar het jy ...?

INFORMANT 2: 2002?

ONDERHOUDVOERDER: H'm.

INFORMANT 2: Was ek nog steeds die pad en so. Basically was dieselfde, in en uit. Nou by die huis en uit by die huis.

ONDERHOUDVOERDER: Oukei. Het jy gewerk in 2002?

INFORMANT 2: Kan onthou ek was ... Ja. H'n-'n. Ek lieg, ek was so 'n period van twee jaar was ek by die huis gewees. Ek dink daai was 2002 en 2003.

ONDERHOUDVOERDER: Oukei, so jy was unemployed, nè?

INFORMANT 2: As ek nou so sit en dink, ek het 'n (onduidelik), maar later van tyd, 2004.

ONDERHOUDVOERDER: Nog steeds twee keer 'n dag, drie tot vier 'n dag gebruik, nè, en saam met vriende en die gevoel was nog steeds dieselfde, nè?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: Was jy weer in die holding cells in 2002?

INFORMANT 2: Sal dit miskien net wees vir diefstal.

ONDERHOUDVOERDER: Kan jy onthou hoeveel keer in 'n jaar min of meer was jy in die holding cells?

INFORMANT 2: Plus minus twee keer.

ONDERHOUDVOERDER: Twee keer 'n jaar.

INFORMANT 2: Daai is nou vir regte sake nou like sake wat ek voorkom. Soos ander sake (onduidelik) kry ek R100 fine As ek weet ek is opgetel vir (onduidelik), dan gaan ek nou verkeerde naam en adres en so opgee.

ONDERHOUDVOERDER: En jy was nie 'n gang nie, nè? In 2003, wat het jy gebruik? Nog steeds die Mandrax, die rocks en die dagga, daar het niks bygekom nie?

INFORMANT 2: H'n-'n. Ek was ge-expose na Tik. Dit was 2003 of 2004 wat die Tik uitkom?

ONDERHOUDVOERDER: Ek weet nou nie.

INFORMANT 2: Ek dink dit was 2004.

ONDERHOUDVOERDER: Oukei.

INFORMANT 2: Tussen daardie period van tyd, 2003, 2004 wat ek Tik ge-expose, wat ek ge-expose wees aan Tik. Hoekom, die Tik was nog nie in die Mannenberg gewees nie, toe kry ons Tik al van (onduidelik). Ek dink dit was tussen, dit was by die (onduidelik) 2003 Desember, omtrent naby, want hoekom, die ander ou wat vir my, (onduidelik) hy was like half white en half coloured. Sy pa was 'n whity. Hy het gebly hierso, maar hy bly nie meer hier nie. Hy het ook, ek weet hy was baie, hy het ook die soort drugs gebruik en ek is bly vir hom ook. Hoekom, hy is since last jaar, hy het dieselfde saam met my begin toe, so omtrent more or less begin saam met my die drugs, wat hy nou vandag sy eie internet kafee het (onduidelik). Hy was al in die rehab en weer terug rehab toe en weer terug rehab toe. (Onduidelik) drugs gebruik het (onduidelik). Ek is net bly vir (onduidelik).

ONDERHOUDVOERDER: Dit is so, ja. In 2003, waar het jy gebly? Nog steeds nou en dan by die huis, dan vriende?

INFORMANT 2: H'm.

ONDERHOUDVOERDER: In 2003, was jy nog steeds unemployed?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: Jy het nog steeds dieselfde hoeveelheid van die drugs gebruik?

INFORMANT 2: Drugs gebruik. Ek sal vir jou sê, soos ek vir jou sê die case het net ge-worsten en so.

ONDERHOUDVOERDER: Was jy in 2003 in die holding cells ook?

INFORMANT 2: Ek was basically, as ek kan remember ...

Ek regret dit. Soos ek hierso sit regret ek almal die dinge wat ek deurgegaan het in die past, in die jare wat ek uitgemis het.

ONDERHOUDVOERDER: Maar 'n mens leer mos nou van 'n mens se experience.

INFORMANT 2: Ek is nie spyt vandag soos ek hierso sit nie.

ONDERHOUDVOERDER: Vir hoe lank en vir wat was jy in 2003 in die holding cells, kan jy onthou of maar ook diefstal?

INFORMANT 2: Die meeste, miskien sê assault.

ONDERHOUDVOERDER: Aanranding.

INFORMANT 2: H'm. Maar diefstal het altyd (onduidelik) elke jaar.

ONDERHOUDVOERDER: In 2004 het die Tik bygekom, nè?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: So dit was Tik, maar dit was nog steeds Mandrax, die rocks en die dagga, nè?

INFORMANT 2: Ja, maar die rocks, ek dink die rocks val weg.

ONDRHOUDVOERDER: In 2004?

INFORMANT 2: Nou het ek vergeet van die rocks, van die Tik in die begin, soos ek sê ek raak nou ...

ONDERHOUDVOERDER: So jy het toe die rocks gelos in 2004?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: Waar het jy gebly in 2004?

INFORMANT 2: 2004 het ek, ek het course eerste gaan doen.

ONDERHOUDVOERDER: Waar het jy jou course gedoen?

INFORMANT 2: By Selfhelp.

ONDERHOUDVOERDER: By Selfhelp. Watter soort course het jy gedoen?

INFORMANT 2: Dit is (onduidelik) course.

ONDERHOUDVOERDER: Oukei?

INFORMANT 2: Nadat ek die course gedoen het, het ek 'n part time job gehad by Mariemba convention centre (onduidelik).

ONDERHOUDVOERDER: Oukei.

INFORMANT 2: Ek het net, sal sê part time om so te sê. Later van tyd hulle ...

ONDERHOUDVOERDER: Watter soort werk het jy daar gedoen?

INFORMANT 2: Ek was 'n bar man gewees.

ONDERHOUDVOERDER: By Mariemba, nè?

INFORMANT 2: H'm.

ONDERHOUDVOERDER: Dit is 'n mooi plek, nè?

INFORMANT 2: H'm. Ek het dit (onduidelik) myself daarso. Daar is 'n dame wat ek (onduidelik), sy het nie van my gehou nie. Ek sê dit sommer straight, dit is 'n whity, due to die feit dat ek Moslem gewees het.

ONDERHOUDVOERDER: H'm.

INFORMANT 2: En special meal, ek het like a special meal (onduidelik) vark en so. Toe het sy 'n stop daaraan gesit en ek het later van tyd kan ek nie meer dinges, daar sit nie, het ek haar sommer net eendag sommer gesê wat ek voel ek wil haar sê en toe loop ek net weg daar.

ONDERHOUDVOERDER: Vir hoe lank het jy ...?

INFORMANT 2: Daar by hulle gewees?

ONDERHOUDVOERDER: Ja.

INFORMANT 2: Sê ses maande.

ONDERHOUDVOERDER: Waar het jy gewoon in daardie tyd, in 2004?

INFORMANT 2: In daardie jaar het ek getrou.

ONDERHOUDVOERDER: Oukei.

INFORMANT 2: Na daardie ses maande wat ek daar gewerk het, toe was ek sê maar so twee, drie weke by die huis gewees, toe kry ek weer (onduidelik) vir 'n werk en toe gaan werk ek by die (onduidelik) company.

ONDERHOUDVOERDER: Wat is die (onduidelik) company se naam?

INFORMANT 2: ITT.

ONDERHOUDVOERDER: Vir hoe lank het jy daar gewerk?

INFORMANT 2: 2005 en 2006. Die tyd wat ek die werk kry toe is dit mooi Desember, toe switch dit net oor na die jaar toe.

ONDERHOUDVOERDER: Waar het jy gewoon in 2004?

INFORMANT 2: Ek het toe my eie plek gehad.

ONDERHOUDVOERDER: Jy en jou vrou, nè?

INFORMANT 2: Ja, toe het ek lekker, soos hulle call die Wendy houses (onduidelik) ek het nou 'n huisie.

ONDERHOUDVOERDER: So jy het in jou eie Wendy house gebly, nè?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: In jou ma se jaart of in iemand anders?

INFORMANT 2: In my ma se jaart.

ONDERHOUDVOERDER: Die Tik het mos nou ingekom. Hoeveel keer 'n week het jy die Tik gebruik of 'n dag?

INFORMANT 2: Ek het, ek het, om die waarheid te sê Tik, ek het meer uit my way gegaan vir enige, vir die drug as vir enige ander drugs. Ek het meer Tik gedoen as enigeen van almal daai drugs. So daai meen ek het basically seker maar so ses, sewe keer 'n dag. Daai is tussen R30 en R50 wat elk elke dag uitgerook het, maar nie ek alleen nie. Ons het altyd, as ons 'n R50 pakkie rook, sal ons drie wees, as dit R30 pakkie is, dan sal ons twee wees of drie.

ONDERHOUDVOERDER: En die ander was nog steeds dieselfde hoeveelheid, nè, die Mandrax twee keer 'n dag en so?

INFORMANT 2: Ja, maar ek (onduidelik) uitgeval by die Mandrax.

ONDERHOUDVOERDER: So hoeveel keer het jy dit gebruik op 'n dag? Minder?



INFORMANT 2: Ja, later van tyd het dit so gegaan dat (onduidelik) met die drugs dat jy die een drug na die ander drug doen. (Onduidelik) dan Tik jy en as jy klaar ge-Tik het dan rook jy 'n (onduidelik), dan rook jy 'n Mandrax.

ONDERHOUDVOERDER: Oukei.

INFORMANT 2: Nou jy sal either miskien 'n R5 hê en by 'n ou se pyp gaan staan en sê, kyk hier, ek het 'n R5, dan (onduidelik) kry. Sal hy vir jou sê ja (onduidelik). Vir my was dit gewees so (onduidelik) gewees, as jy nou klaar ge-Tik het dan het die persoon ook miskien 'n R5 of R6. Jy weet hoe om ouens te kry wat ook (onduidelik). Sal ek sê, kyk hier ek het soveel en soveel. Het jy 'n (onduidelik) pyp, dan sal hy my sê oukei ja. Dit sal ook sê, soos dieselfde soos die ...

ONDERHOUDVOERDER: Soos die Tik?

INFORMANT 2: H'm, maar nie so baie gewees nie, minder.

ONDERHOUDVOERDER: So hoeveel keer, vier keer?

INFORMANT 2: Dit sal dieselfde, more or less dieselfde wees.

ONDERHOUDVOERDER: Soos die Tik?

INFORMANT 2: Ja, maar dit sal nie dieselfde hoeveelheid wees van die drugs wat ek gebruik nie.

ONDERHOUDVOERDER: Oukei. Die dagga, drie tot vier keer 'n dag nog steeds.

INFORMANT 2: Die dagga sal altyd involve wees. Hoekom, die dagga is in die Mandrax ook.

ONDERHOUDVOERDER: Dan saam met vriende, nè?

INFORMANT 2: Ja. Later begin dit dat daar vroumense ook involve is, maar dit is net nou en dan wat ek gerook het saam met die vroumense, maar ek het, daai is (onduidelik) saam met 'n vroumens te gerook het. Ek het gesien wat maak die drugs aan die vroumense, wat gebeur met vroumense daar wat ons sit en rook en vir my was dit nie mooi gewees om te sien wat vroumense deurgaan nie. Hoekom, jy kry, jy kry respek, jy sal nooit glo jy sal daai ding gedoen het nie, die drug gedoen het nie. Nou nadat die effek, jy sit nou dan sien jy nog wat doen sy nog worster as die drug. Wat vir jou, aan die eenkant het dit - dit maak jou seer, hoor. So ek wil nie nog sulke dinge wil ek nie gewoonte sit nie. Ek het sometimes het ek net opgestaan en geloop. Hoekom, daar is 'n spreekwoord wat hulle altyd gebruik, What happens in Vegas stays in Vegas. So wat gebeur daar, gebeur daar. Nou ek was 'n bietjie baie bang gewees vir daai dinge. Ek het net ge-decide wel, ek gaan nie daai dinge saam met vroumense rook nie. Ek het gesien wat gebeur

met vroumense, om so te sê. Miskien, ons sit miskien almal op die stoele, dit is miskien net mans, een stoel daar sit, jy is 'n vroumens. Die dinge wat sy deurgaans. Dit was nie mooi gewees nie. Jy sal nooit so-iets gedink het van daai

vroumense nie, maar daai is dinge wat almal gebeur het.

ONDERHOUDVOERDER: Oukei. En die Tik, hoe het dit vir jou laat voel as jy dit gebruik het?

INFORMANT 2: Die Tik het ook vir jou so (onduidelik) gemaak. Sometimes maak dit vir jou paranoid.

ONDERHOUDVOERDER: Dan hoe is jy as jy paranoid is?

INFORMANT 2: Paranoid is, dis nie 'n lekker gevoel nie. Jy voel net, om dit so te sê k-a-k.

ONDERHOUDVOERDER: Oukei.

INFORMANT 2: Jy voel net lusteloos. Jy voel jy het nie nou lus vir niks. Hulle call dit, daai is die tyd as jy trip. Soos hulle sê trip. Daai is die tyd wat jy trip. Jy het nou net lus vir niks. Jy wil net vir jou - ek wil nie vir jou lieg nie, daar is tye wat jy nie eers vir jou, daai wat ek al gesien het ouens, hy het nie eens tyd om vir hom iets te maak om te eet of hy wil nie vir hom was nie of hy wil niks doen vir homself nie. Daai is wat daai drug gemaak het. Die drug maak nou, die ding wat ek nou van praat, hygiene jy hardloop agteruit. Almal die ouens wat nou die Tik doen, baie van hulle hardloop uit met hulle hygiene. 'n Ou wat werk, ja hy sal dit nog, maar die Tik, die Tik het daai weggevat van ons gemeenskap af die hygiene. Ouens, hulle raak nou careless met hulle bodies en so en (onduidelik).

ONDERHOUDVOERDER: As jy high was op die Tik, hoe het dit vir jou laat voel?

INFORMANT 2: (Onduidelik). Jy is net in 'n jolly good mood. Jy kan nie, as jy nou gaan Tik dan sê nou, soos hulle sê op die level. Nou as jy Tik dan kan, jy kan either a blind leap vat en as jy 'n blind leap vat, daai is die tyd wat jy paranoid is.

ONDERHOUDVOERDER: Wat is 'n blind leap?

INFORMANT 2: Daai is nou as jy nie 'n lekker (onduidelik) het nie en (onduidelik) nou gaan hy trip, nou gaan hy so vir die hele dag wees nou. Dit is nou die hele dag wat hy so gaan wees. Of jy, aan die anderkant het jy, jy is nou, ek was in 'n jolly mood om dit nou so te sê.

ONDERHOUDVOERDER: Was jy in 2004 in die holding cells?

INFORMANT 2: Sal ook wees net vir diefstal.

ONDERHOUDVOERDER: In 2005, wat het (onduidelik)?

INFORMANT 2: (Onduidelik) baie begin te slow raak.

ONDERHOUDVOERDER: So dit was net die Tik ...?

INFORMANT 2: Dit was net die Tik en die drugs gewees, Mandrax.

ONDERHOUDVOERDER: Tik en die Mandrax.

INFORMANT 2: Oukei, dagga val nog altyd, want dagga is meestal saam met die wit pyp, om so te sê, die Mandras.

ONDERHOUDVOERDER: En toe bly, so daar het niks ekstra bygekom in 2005 nie?

INFORMANT 2: H'n-'n, daar het ek nie ander drugs gedoen daarby nie.

ONDERHOUDVOERDER: Toe bly jy saam met jou ...?

INFORMANT 2: Vrou.

ONDERHOUDVOERDER: Vrou nog steeds in die Wendy house of het jy toe al julle eie huis gehad al?

INFORMANT 2: In 2006 het ons ons eie huis gehad.

ONDERHOUDVOERDER: So in 2005 nog steeds in die Wendy house?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: Het jy werk gehad? Jy het mos by RTT Courier, nê, 2005?

INFORMANT 2: H'm.

ONDERHOUDVOERDER: Vir hoe lank het jy by hulle gewerk?

INFORMANT 2: Van 2005, sê twee volle jare. (Onduidelik).

ONDERHOUDVOERDER: Nog steeds ses tot sewe keer 'n dag saam met die Tik en so?

INFORMANT 2: Nou het ek die Tik (onduidelik).

UNKNOWN: (Indistinct).

INTERVIEWER: 10 more minutes.

UNKNOWN: 10 more minutes.

INTERVIEWER: Okay, thanks. Sorrie, (Name of informant). Sorrie, jy het gesê, saam met die Tik?

INFORMANT 2: Het ek begin (onduidelik) die werk. Daai sal wees, (onduidelik) in die aande, ek het altyd 'n bietjie minder begin om vir my nou met die Tik ook, wat ek gewerk het. Hoekom, nou het ek gerook net in die aande voor ek gaan werk, daai is in die bakkie, en dan het ek nog by die werk miskien in die middel van die nag weer 'n hit geslaan, om dit so te sê.

ONDERHOUDVOERDER: Dit was twee keer op 'n dag?

INFORMANT 2: Ja, (onduidelik). In die oggende as ek by die huis kom, in die oggende, because daai was, dit was so 'n bad habit gewees (onduidelik) bad habit, dit was in die oggende (onduidelik) dan het ons decide ons gaan, voor ons gaan slaap, gaan ons nou 'n pakkie rook. Dan het ons plan gemaak dat ons ook die geld kry. So basically drie keer gewees.

ONDERHOUDVOERDER: En die Mandrax dieselfde?

INFORMANT 2: Van Mandrax het ook 'n bietjie minder geraak. Mandrax het net gewerk in die oggende as jy gaan slaap. Jy kan nie Mandrax gedoen het dit tyd nog op ... Dis hoekom, deur die dag het ek nie nog geworrie met die Mandrax nie.

ONDERHOUDVOERDER: So dit was eenkeer 'n dag, nè?

INFORMANT 2: Ja, sal maar sê eenkeer.

ONDERHOUDVOERDER: En die dagga was nog steeds, hoeveel was die dagga?

INFORMANT 2: Dagga was, dagga was like 'n, soos ek gesê het, 'n daily ...

ONDERHOUDVOERDER: Three to four times a day?

INFORMANT 2: Ja, dagga het ek gerook by die werk ook part time. Dan gaan loop ek miskien uit lunch time, dan staan ek op 'n kol en rook die dagga. Ek het kopseer nou.

ONDERHOUDVOERDER: Ons is amper klaar, (Name of informant). Die gevoel was nog steeds dieselfde, nè?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: Op die drug. Was jy in die holding cells in 2005?

INFORMANT 2: H'm ...

ONDERHOUDVOERDER: In die tronk, niks?

INFORMANT 2: Ek kan nie replace nie, maar ek weet vir my, dit sal seker miskien wees vir assault of iets.

ONDERHOUDVOERDER: En die saak waarvoor jy nou, jy sê jy het in 2007 ...

INFORMANT 2: Ja, toe het ek 'n buitestraf gekry vir diefstal.

ONDERHOUDVOERDER: In 2006, watse soort drugs? Nog steeds dieselfde?

INFORMANT 2: H'm.

ONDERHOUDVOERDER: Waar het jy in 2006 gewoon, nog steeds in die Wendy house?

INFORMANT 2: H'n-'n, toe het ons die huis gekry.

ONDERHOUDVOERDER: Dit is jou eie huis?

INFORMANT 2: H'm.

ONDERHOUDVOERDER: En dit is net jy, jou vrou en jou vyf kinders, nè?

INFORMANT 2: H'n-'n, ek is om die waarheid te sê, ek het kinders buite-egtelik, om so te sê. Ek het net twee by my vrou en dan een, een, een by die different ...

ONDERHOUDVOERDER: Dan is dit net die twee van jou vrou wat saam met julle in die huis bly?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: Wanneer was hulle gebore?

INFORMANT 2: Hulle is, my een meisie is nou vier jaar oud en die ander een is nou, sy raak nou, sy is nege jaar oud.

ONDERHOUDVOERDER: Het jy, jy het nog steeds by RTT gewerk, nè, in 2006?

INFORMANT 2: In 2006, ja.

ONDERHOUDVOERDER: Jy het nog steeds die Tik three times a day?

INFORMANT 2: Ja, daai habit was maar altyd dieselfde gewees.

ONDERHOUDVOERDER: En saam met vriende, nè, gerook?

INFORMANT 2: Maar nou, dit raak nou werksvriende van my.

ONDERHOUDVOERDER: Oukei.

INFORMANT 2: Ek was (onduidelik) om te kyk wie is die ou wat dit uitvind (onduidelik).

ONDERHOUDVOERDER: Die gevoel is nog steeds dieselfde, nè

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: En holding cells?

INFORMANT 2: Daai is almal verskillende, eers vir diefstal of ...

ONDERHOUDVOERDER: Of assault?

INFORMANT 2: Ek sal nie, ek kan nie replace nie, maar ek weet in my lewe het ek nege tot 11 sake.

ONDERHOUDVOERDER: In 2007 is dit nog steeds Tik, Mandrax ...?

INFORMANT 2: Ja, nou werk ek nie meer nie, want ek is nou van daai jare af was ek by die huis gewees.

ONDERHOUDVOERDER: So dit is Tik, Mandrax en die dagga, nè?

INFORMANT 2: Jip.

ONDERHOUDVOERDER: Jy het nog steeds in jou eie huis gewoon, nè?

INFORMANT 2: Jip.

ONDERHOUDVOERDER: Was jy unemployed in 2007?

INFORMANT 2: H'm, maar ek het my geselskap het ek ge-change, my vriende. Ek het gerook saam met coloureds, maar ek het van daai jaar af, 2007, het ek baie involved geraak saam met, ek was al vantevoreinvolved gewees met natives ouens, maar 2007 toe was dit net hulle wat my vriende was.

ONDERHOUDVOERDER: Is dit nou swartmense?

INFORMANT 2: In drugs. Ek het nie meer drugs gedoen saam met die coloureds, om dit so te sê nie, want dinge het 'n bietjie begin erg raak. Dit is dinge wat vir my ge-effect het en vir my seergemaak het. Hoekom, dinge wat ek ge-witness het en gesien het en so. Om saam met natives te rook is, vir my was dit orraait. Hoekom, als bly net, wat gebeur daar, dit bly net daar, om so te sê.

ONDERHOUDVOERDER: Jy was unemployed, nè, in 2007? Hoeveel keer het jy toe die drugs gebruik? Was dit nog steeds dieselfde of meer?

INFORMANT 2: Nou het dit baie begin erg raak.

ONDERHOUDVOERDER: Oukei, hoeveel keer op 'n dag het jy die Tik gebruik?

INFORMANT 2: Elke keer was dit op 'n different (onduidelik). Daai is so plus minus sewe, agt keer 'n dag wat (onduidelik) het en as hulle my (onduidelik) het, dan is dit nie net (onduidelik) pakkies en toe begin ons nou like quarters rook, halwe grams, grams. So het ons begin rook en dit begin te erg raak.

ONDERHOUDVOERDER: En die Mandrax, hoeveel keer?

INFORMANT 2: Mandrax het ek heel begin (onduidelik) worse.

ONDERHOUDVOERDER: Hoeveel keer min of meer?

INFORMANT 2: Baie.

ONDERHOUDVOERDER: Ses keer, sewe keer?

INFORMANT 2: Ek het my aan die slaap gerook. Ek kan nie recall nie, maar baie. Baie.

ONDERHOUDVOERDER: So is dit meer as ...?

INFORMANT 2: Meer as enige ander kere.

ONDERHOUDVOERDER: As ses of sewe. Oukei. 'n Dag, nè?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: En die dagga? Nog steeds dieselfde?

INFORMANT 2: Die dagga, dagga het ons gerook. Ons het dagga gerook ook. Snaaks gerook daai tyd. Nou begin ons weer die dag, die cream op die

pil, op die (onduidelik) te gooi, die Mandrax te strooi op die, op die (onduidelik).

ONDERHOUDVOERDER: En die gevoel was dieselfde, nè, hoe dit jou laat voel het, nè?

INFORMANT 2: Ja, dit kan nie vir jou niks anders laat voel nie, so nie.

ONDERHOUDVOERDER: Was jy in 2007, het die saak mos nou voorgekom, nè?

INFORMANT 2: Ja. Diefstalsaak.

ONDERHOUDVOERDER: Diefstal. Was jy in die holding cells?

INFORMANT 2: Ja, ons het nog holding cells. Ek het 'n bail gekry anders sal ek Pollsmoor toe gegaan het. Ek het 'n R500/R600 bail gekry en toe het ek - dit was die laaste jaar wat ek 'n saak ... Nee wag, laat ek dink. Ja. Hoekom, enige saak nou vir my dan kan hulle vir my drie jaar gaan doen. Hoeveel jaar is nou oor, 2007, 2008. 'n Jaar. So as ek nou enige saak nou vang (onduidelik).

ONDERHOUDVOERDER: In 2008, toe is dit nog steeds die Tik, die Mandrax en die dagga?

(VREESLIKE AGTERGROND LAWAAI - AMPER NIKS HOORBAAR NIE.)

INFORMANT 2: Toe is dit (onduidelik).

ONDERHOUDVOERDER: So dit was die Tik, nè, en die Mandrax en die dagga, nè?

INFORMANT 2: H'm.

ONDERHOUDVOERDER: Daar het niks nog ekstra gekom nie?

INFORMANT 2: Soos ek gesê het, vir twee het ek die meeste van die tyd saam met natives gerook. Ek het nie saam met coloureds. Coloureds gerook, ja, maar hoe? My broertjie. Hoekom, my broertjie het ook begin rook en ons was nou net like a click gewees. Ek het nie verder as daai click gegaan nou nie. As hulle gekom het en hulle was die ouens nou gewees wat ge-Tik en gedrink het.

ONDERHOUDVOERDER: Jy het nog steeds in jou huis gewoon, nè?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: Jy was nog steeds unemployed, nè?

INFORMANT 2: Ja. Part time jobbies soos (onduidelik) hang, so. (Onduidelik) net een keer 'n maand, om so te sê.

ONDERHOUDVOERDER: Die hoeveelheid was nog steeds dieselfde, nè?

INFORMANT 2: Ja, in daai twee jaar (onduidelik).

ONDERHOUDVOERDER: En ook saam met vriende, nè?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: En dit laat jou dieselfde voel. Was jy in die holding cells weer in daardie jaar, verlede jaar?

INFORMANT 2: Ek was gewees, maar vir loitering. Daai is vir laat op straat. Ek het eintlik my drie native vriende huis toe geneem, toe het die boere net sommer decide hulle wil vir my optel, maar ek het vir hulle, vir hom eintlik, ek was eintlik by Caltex toe kry ek vir hulle (onduidelik) toe vat hulle sommer vir my. Gooi hulle my sommer in die wên.

ONDERHOUDVOERDER: Wanneer het jy opgehou?

INFORMANT 2: 2008, November.

ONDERHOUDVOERDER: Jy is nou van daardie tyd af skoon, nè?

INFORMANT 2: Ja. Ek het die sigarette gelos in Januarie.

ONDERHOUDVOERDER: Die jaar?

INFORMANT 2: Ja.

ONDERHOUDVOERDER: So jy is van November 2008 rook jy niks meer Tik, Mandrax, dagga, niks nie? Ek het nog net een vraag. Dink jy, (Name of informant), dat in die Mannenberg-area is die easy om access te kry aan Tik?

INFORMANT 2: (Onduidelik) veral in die rural areas. Jy sal verbaas wees as ek jou sê hulle het, die factories is hierso in, onder jou oë, maar jy sien dit net nie. (Onduidelik) distribute, daar wat jy rook. Jy sien dit nou net nie raak nie, maar soos ek nou hier sit, dit is maar net hierso.

ONDERHOUDVOERDER: Nou hoekom dink jy is dit so easy om dit hier in die hande te kry?

INFORMANT 2: Hoekom, ek het, die power wat ek gehad het, die power wat ek gehad het in die Mannenberg, almal ken vir my en dan as jy nou begin met jou smokkelary en ek weet jy begin smokkel, dan gaan ek vir jou (onduidelik). Dan gaan ek na jou toe (onduidelik) besigheid. (Onduidelik) na jou toe, maar ek het nie (onduidelik). Ek het altyd (onduidelik). So was dit gewees.

ONDERHOUDVOERDER: En is dit easy om dit hier in die hande te kry as in 'n ander area?

INFORMANT 2: Baie maklik om dit hier te kry. Ek kan nou hierso uitstap dan kan ek jou wys dan gaan kry.

ONDERHOUDVOERDER: Nou hoekom dink jy is dit so easy hierso?



INFORMANT 2: Daai is 'n complicated (onduidelik). Hoekom is dit so easy hierso? Die probleem is, hier is like, soos hulle sê factory waar hulle die goed maak. Hier is nie net een of twee nie, hier is sommer 'n klomp. Mens sien dit net nie raak nie en dit is ... Dit is maar net om jou, dit is onder jou oog, maar jy sien dit nie raak nie, dit is om jou. (Onduidelik) miskien een of twee (onduidelik), maar dit sal so bly.

ONDERHOUDVOERDER: Hoekom dink jy is die factories in die area? Hoekom is dit nie in 'n ander area nie? Hoekom is dit in die ...?

INFORMANT 2: Hierso in die rural, hier gebeur mos baie dinge. Hier is baie geld hierso. Dit lyk ons kry swaar, maar hier is geld hierso. Hulle maak, hulle kry, hulle doen als in hulle vermoë om dit te kry, om geld in die hande te kry, so dit is, vir hulle is dit baie makliker om besigheid te maak hierso in rural areas as in plekke soos (onduidelik) Observatory (onduidelik). Hulle maak besigheid, hulle maak hulle besigheid weekends en so, waar hier by ons is dit 'n daily, dit is 'n daaglikse ding. As jy nou saam met my uitgaan, dan ken ek jou sommer sê dan gaan sy of daar gaan hy, hulle gaan nou merchant toe whatever, die routes wat hulle kies en so.

ONDERHOUDVOERDER: Dankie, (Name of informant).

EINDE VAN ONDERHOUD